

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT



UITGAWE OP GESAG.

VAN SUIDWES - AFRIKA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

1/- Friday, 23rd January, 1959

WINDHOEK

Vrydag, 23 Januarie 1959

No. 2177

CONTENTS.

Page

INHOUD.

Bladsy

GOVERNMENT NOTICE—

No. 16. Village Management Board of Maltahöhe: Traffic Regulations 41

GOEWERMENSKENNISGEWING—

No. 16. Dorpsbestuurraad Maltahöhe: Straat- en Verkeersregulasies 41

Government Notice.

Goewermentskennisgewing.

The following Government Notice is published for general information.

C. F. MARAIS,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

C. F. MARAIS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 16.] [23rd January, 1959.

No. 16.] [23 Januarie 1959.

The Administrator has been pleased, in terms of section *fourteen* of the Village Management Boards Ordinance, 1937 (Ordinance No. 16 of 1937), to approve of the following regulations made by the Village Management Board of Maltahöhe:

VILLAGE MANAGEMENT BOARD OF MALTAHÖHE. STREET AND TRAFFIC REGULATIONS.

CHAPTER I. GENERAL.

1. These regulations are divided into the following ten Chapters with the subject matter relating to each respectively set opposite thereto:—

- Chapter I:
General (Regulations 1 to 4).
- Chapter II:
Streets and other public places: General provisions (Regulations 5 to 55).
- Chapter III:
Traffic: General provisions (Regulations 56 to 93).
- Chapter IV:
Parking Regulations (Regulations 94 to 104).
- Chapter V:
Stop Streets (Regulations 105 to 108).
- Chapter VI:
Motors and Cycles (Regulations 109 to 117).
- Chapter VII:
Vehicles and Motors plying for Hire (Regulations 118 to 133).
- Chapter VIII:
Public Stands for Vehicles and Motors plying for Hire (Regulations 134 to 140).
- Chapter IX:
Tariff of Charges for Vehicles and Motors plying for Hire (Regulations 141 to 148).
- Chapter X:
Omnibus Regulations (Regulations 149 to 178).

Dit het die Administrateur behaag om kragtens artikel *veertien* van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1937 (Ordonnansie 16 van 1937) onderstaande regulasies, wat deur die Dorpsbestuur van Maltahöhe opgestel is, goed te keur:

DORPSBESTUURRAAD MALTAHÖHE. STRAAT- EN VERKEERSREGULASIES. HOOFSTUK I. ALGEMEEN.

1. Hierdie regulasies is ingedeel in die volgende tien hoofstukke met die onderwerpe van elkeen onderskeidelik daarnaas:—

- Hoofstuk I:
Algemeen (Regulasies 1 tot 4).
- Hoofstuk II:
Strate en ander openbare plekke: Algemene bepalinge (Regulasies 5 tot 55).
- Hoofstuk III:
Verkeer: Algemene bepalinge (Regulasies 56 tot 93).
- Hoofstuk IV:
Parkeerregulasies (Regulasies 94 tot 104).
- Hoofstuk V:
Haltstrate (Regulasies 105 tot 108).
- Hoofstuk VI:
Motorkarre en fietse (Regulasies 109 tot 117).
- Hoofstuk VII:
Huurvoertuie en motors (Regulasies 118 tot 133).
- Hoofstuk VIII:
Openbare staanplekke vir huurvoertuie en motors (Regulasies 134 tot 140).
- Hoofstuk IX:
Tarief vir huurvoertuie en motors (Regulasies 141 tot 148).
- Hoofstuk X:
Bus-regulasies (Regulasies 149 tot 178).

2. In the construction of these regulations, the following words and expressions shall have the meanings hereby respectively assigned to them unless such meanings be repugnant to or inconsistent with the context or subject matter in which such words and expressions occur:—

“Board” shall mean the Village Management Board of Maltahöhe.

“Clerk” shall mean the person from time to time holding appointment as such or acting in such capacity in connection with the Village Management Board, or his duly authorised assistant or deputy.

“Medical Officer of Health” shall mean the person from time to time holding appointment as such or acting in such capacity in connection with the Village Management Board or his duly authorised assistant or deputy.

“Village Management Board Area” shall mean the area under the jurisdiction of the Council.

“Street” shall mean and include any road, street, thoroughfare, foot pavement, footpath, sidewalk, lane and square within the Village Management Board area, to the use of which the inhabitants of the Village Management Board have a common right or which are commonly in use by the said inhabitants, whether or not the area in question has been set apart and appropriated by proper authority for the use and benefit of the public, or whether the ownership therein is vested in the Village Management Board or in some other body or person, and any streets forming the approaches to the Railway Station of Maltahöhe which have been or may hereafter be constructed by the South African Railways and Harbours Administration of the Union of South Africa and which are and remain the property of the said Administration. The term “street” shall further include the area situate between a street line and building line, provided such area is commonly used by the public as a footway.

“Vehicle” shall include any carriage, dray, dragcart, coach, omnibus, car, cab, waggon, trolley, timber carriage, truck, wheelbarrow, pedal cycle, or handcart, but shall not include any motor but shall include a trailer.

“Motor” shall mean any motor car, motor cycle or other conveyance self-propelled by mechanical power and used for the purpose of conveying persons or goods or for hauling other motors or vehicles.

“Police Officer” shall mean a member of any police force established by law.

“Live Stock” shall mean and include any stallion, mare, gelding, foal, bull, ox, cow, heifer, calf, mule, ass, sheep, lamb, goat, pig, dog, bird or any other animal.

“Night Time” shall mean the hours between 30 minutes after sunset and 30 minutes before sunrise.

“Omnibus” shall mean a vehicle or motor designed principally for the conveyance of persons exceeding seven in number.

“Parking” shall mean the standing or waiting in any street of any vehicle or motor not actually engaged in taking up or setting down passengers or merchandise.

“Parking Place” shall mean a place in a street where vehicles or motors may park.

“Angle Parking” shall mean the parking of a vehicle or motor at an angle of 45 degrees to the kerb or the building line in any street, as is more fully prescribed in these regulations.

“Straight Parking” shall mean the parking of a vehicle or motor parallel with the kerb or building line in any street, as is more fully prescribed in these regulations.

“Intersection” shall mean and include the area within the prolongation or connection of the lateral kerb lines, or, if there be no such kerb lines, then of the lateral boundary lines of two or more streets that join one another at an angle, whether or not such streets cross each other.

2. By die uitleg van hierdie regulasies het die volgende woorde en uitdrukkings die betekenis onderskeidelik daaraan toegeken, tensy sodanige betekenis in stryd of onbestaanbaar is met die verband waarin sodanige woorde of uitdrukkings gebesig word:—

„Raad” beteken die Dorpsbestuurraad Maltahöhe.

„Klerk” beteken die persoon wat van tyd tot tyd sodanige amp beklee of in vermelde hoedanigheid optree met betrekking tot die Dorpsbestuurraad of sy behoorlik gevolmagtigde assistent of plaasvervanger.

„Mediese Gesondheidsbeampte” beteken die persoon wat van tyd tot tyd sodanige amp beklee of in vermelde hoedanigheid optree met betrekking tot die Dorpsbestuurraad, of sy behoorlik gevolmagtigde assistent of plaasvervanger.

„Dorpsbestuurgebied” beteken die gebied onder die regsbeheer van die Raad.

„Straat” beteken en omvat enige pad, straat, deurgang, sypaadjie, voetpad, voetstraat, laning en plein binne die dorpsbestuurgebied, op die gebruik waarvan die inwoners van die dorpsbestuurraad 'n gemeenskaplike reg het of wat gewoonlik deur genoemde inwoners gebruik word, hetsy die betrokke gebied deur behoorlike gesag afgesonder en bestem is vir die gebruik en voordeel van die publiek, al dan nie, of hetsy die eiendomsreg daarin by die Dorpsbestuurraad of by een of ander liggaam of persoon berus, en enige toegangstrate na die Spoorwegstasie van Maltahöhe wat deur die Administrasie van Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens van die Unie van Suid-Afrika gebou is of hierna gebou mag word en wat die eiendom is en bly van die genoemde Administrasie. Die uitdrukking „straat” sluit verder in die gebied geleë tussen die kant van die straat en die kant van die geboue, mits sodanige gebied gewoonlik as voetpad deur die publiek gebruik word.

„Voertuig” sluit in rytuig, slooperswa, kar, koets, bus, huurrituig, wa, trollie, houtwa, trok, kruiwa, trapfiets of handkarretjie, dog sluit nie 'n motorkar in nie, maar wel 'n sleepwa.

„Motorkar” beteken 'n motorkar, motorfiets of ander voertuig wat vanself deur meganiese krag voortbeweeg en gebruik word om persone of goedere te vervoer of om ander motorkarre of voertuie te trek.

„Polisiebeampte” beteken 'n lid van enige polisiemag, wat by wet ingestel is.

„Lewende hawe” beteken en omvat 'n hings, merrie, reun, vul, bul, os, koei, vers, kalf, muil, esel, skaap, lam, bok, vark, hond, voël of enige ander dier.

„Snags” beteken die tyd tussen dertig minute na sons- ondergang en dertig minute voor sonsopgang.

„Bus” beteken 'n voertuig of motorkar hoofsaaklik ontwerp vir die vervoer van meer as sewe persone.

„Parkeer” beteken die staan of wag op 'n straat van 'n voertuig of motorkar wat nie in werklikheid besig is om passasiers of goedere op of af te laai nie.

„Staanplek of parkeerplek” beteken 'n plek in 'n straat waar voertuie of motorkarre mag parkeer.

„Skuins parkering” beteken die parkeer van 'n voertuig of voertuig met 'n hoek van 45 grade tot die randsteen of die boulyn in 'n straat, soos meer volledig in hierdie regulasies voorgeskryf word.

„Parallele parkering” beteken die parkeer van 'n voertuig of motorkar parallel met die randsteen of boulyn in 'n straat, soos meer volledig in hierdie regulasies voorgeskryf word.

„Kruispunt” beteken en omvat die gebied binne die verlenging of verbinding van die sydelingse randsteenlyne of indien daar geen sodanige randsteenlyne is nie, dan van die sydelingse grenslyne van twee of meer strate wat bymekaar met 'n hoek aansluit, hetsy, sodanige strate mekaar kruis, al dan nie.

3. (1) Every person who contravenes or fails to comply with any of these regulations or who fails to comply with any order lawfully given thereunder shall be guilty of an offence, and, upon conviction, be liable to a fine not exceeding twenty pounds and in default of payment to imprisonment with or without hard labour for a period not exceeding three months and in the case of a continuing contravention to a further penalty of a fine not exceeding two pounds for each day the contravention continues.

(2) If any prosecution under these regulations, in which it is alleged that the accused was at the time of such offence the driver or person in charge or control of any vehicle or motor relating to such offence, the onus shall be upon the accused to prove that he was not in fact the driver or person in charge or control of the said vehicle or motor.

CHAPTER II.

STREETS AND OTHER PUBLIC PLACES.

GENERAL PROVISIONS.

4. No person shall wilfully or negligently cause any obstruction on any street by any means whatsoever; provided however that any goods which have been offloaded outside a building for the purpose of being stored or housed or which have been placed outside a building for the purpose of being immediately loaded shall not be regarded as an obstruction within the meaning of this regulation if properly lit up at night and if not left in the street longer than three hours and if deposited in a manner causing as little inconvenience to traffic as is warranted by the circumstances. This, however, shall not apply to the loading or unloading of petroleum and petrol, which shall not be placed at any time in a street or on a footway.

5. Any person removing, destroying, damaging or in any other way interfering with any fence, tree, rail, hoarding or other erection put up or planted by the Board, or extinguishing, removing or damaging any light or lamp or lantern placed by the Board to indicate the position of such fence, tree, rail, hoarding or other erection, or hindering, obstructing or damaging in any manner whatsoever any work of the Board in course of construction, or defacing, removing, destroying, damaging or in any way interfering with any work or property of the Board shall be guilty of an offence.

6. No person shall uproot or plant any trees in any street, without the written permission of the Board first had and obtained and except under such conditions as the Board may impose.

7. The Board shall have the right to remove at any time any tree, post or other obstruction from any street, and any person who shall offer resistance to or interfere with the removal of any such tree, post or other obstruction shall be guilty of an offence.

8. No owner or occupier of land within the Village Management Board area shall erect or cause to be erected any fence composed either wholly or partly of barbed wire and abutting on any street. The Clerk may by notice in writing require the owner of any land on which a fence containing barbed wire and abutting on any street has been erected, whether before or after the coming into force of these regulations, to remove the same within a reasonable period to be specified in such notice, and any such owner who fails to comply with such notice shall be guilty of an offence.

9. (1) No person shall fix or erect or maintain or have or cause to be fixed or erected or maintained over any street or partially over or into any street, any sign, signpost, pole blind, awning, line or any other projection or fixture or obstruction whatsoever, except with the prior written consent of the Council, and subject to such conditions as to the manner of construction, the security of the public against injury or damage, the indemnity against damage to the Council property or against claims by third parties, the payment of rental, and generally to such other conditions, as the Council may deem just and reasonable in each case.

3. (1) Iedereen wat enige van hierdie regulasies oortree of nalaat om daaraan te voldoen of nalaat om 'n bevel wat wettig daar ooreenkomstig gegee word, na te kom, is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens twintig pond en by wanbetaling met gevangenisstraf, met of sonder harde arbeid, vir 'n tydperk van hoogstens drie maande of ingeval van 'n voortdurende oortreding met 'n verdere straf van 'n boete van hoogstens twee pond vir elke dag wat die oortreding voortduur.

(2) By enige vervolging ingevolge hierdie regulasies waarin beweer word dat die beskuldigde ten tye van so 'n oortreding die bestuurder of persoon in beheer van 'n voertuig of motorkar met betrekking tot so 'n oortreding was, berus die bewyslas by die beskuldigde om te bewys dat hy inderdaad nie bestuurder of persoon in beheer van die genoemde voertuig of motorkar was nie.

HOOFSTUK II.

STRATE EN ANDER OPENBARE PLEKKE.

ALGEMENE BEPALINGS.

4. Niemand mag opsetlik of nalatig in 'n straat 'n hindernis veroorsaak nie op watter wyse ook al, met dien verstande egter dat goedere wat buitekant 'n gebou afgeblaai is met die doel om weggepak of onder dak gebring te word of buitekant 'n gebou neergesit is met die doel om dadelik opgelaaie te word, nie as 'n hindernis in die betekenis van hierdie regulasie beskou sal word nie indien dit snags behoorlik verlig word en as dit nie langer as drie uur op straat gelaat word nie, en, indien neergeplaas op 'n wyse wat die minsmoontlike ongerief vir verkeer veroorsaak. Dit is egter nie van toepassing op die op- en aflaai van lampolie en petrol nie, wat nie te eniger tyd op 'n straat of voetpad geplaas mag word nie.

5. Iedereen wat op enige wyse 'n heining, boom, reling, houtskutting of ander oprigting wat deur die Raad opgerig of geplant is, verwyder, verniel, beskadig of daaraan peuter of 'n lig of lamp of lantern wat deur die Raad opgerig is om die posisie van sodanige draad, boom, reling, houtskutting of ander oprigting aan te dui doodmaak, verwyder of beskadig, of op enige wyse hoegenaamd enige werk van die Raad wat in aanbou is, belemmer, verhinder of beskadig, of enige werk of eiendom van die Raad skend, verwyder, verniel, beskadig of op enige wyse daaraan peuter, is skuldig aan 'n misdryf.

6. Niemand mag bome in 'n straat plant of uitroei sonder die skriftelike toestemming van die Raad nie en dan alleen op voorwaardes deur die Raad bepaal.

7. Die Raad het die reg om te eniger tyd 'n boom, paal of ander hindernis van 'n straat te verwyder en iedereen wat hom teen die verwydering van so 'n boom, paal of ander hindernis verset of hom daarmee bemoei, is skuldig aan 'n misdryf.

8. Geen eienaar of bewoner van grond binne die Dorpsbestuurgebied mag 'n heining, wat of geheel of gedeeltelik uit doringdraad bestaan en aan 'n straat grens, oprig of laat oprig nie. Die klerk mag deur skriftelike kennisgewing van die eienaar van grond waarop 'n heining van doringdraad wat aan 'n straat grens reeds opgerig is, hetsy voor of na die geldigwording van hierdie regulasies, eis dat hy dit binne 'n redelike tydperk wat in die kennisgewing vermeld moet word, verwyder en elke eienaar wat versuim om aan so 'n kennisgewing te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf.

9. (1) Niemand mag oor 'n straat, of gedeeltelik oor of in 'n straat 'n uithangbord, wegwysers, paal, skerm, afdak, lyn of enigiets wat uitsteek of vasstaan of enige versperrings hoegenaamd vasmaak of oprig of instandhou of hê of laat vasmaak of oprig of instandhou nie, behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Raad en onderhewig aan sodanige voorwaardes betreffende die wyse van konstruksie, veiligheid van die publiek jeens besering of skade, vrywaring teen skade aan die Raad se eiendom of teen eise van derde partye, die betaling van huurgedeltes en in die algemeen, betreffende sodanige ander voorwaardes, as wat die Raad in iedere geval billik en regverdig ag.

(2) The Board may from time to time by notice in writing to the owner or occupier of any land, direct him to affix or paint any number and/or letters specified in such notice within thirty days of the date on which such notice is posted or delivered by the Board, on such part of and in such position on such land or any building or structure or fence thereon and in such manner as shall be specified in such notice or to remove any number and/or letters from such land or from any building or structure or fence thereon within a period specified in such notice.

10. No person shall allow any part of any tree or shrub growing on land of which he is the owner or occupier, to so project over any street as to cause inconvenience or obstruction to traffic or to be a source of danger or inconvenience to any person using such street. The Council may be written notice to such owner or occupier require the removal within a specified time of such tree or shrub or any part thereof, and failing compliance with such notice may remove such tree or shrub or part thereof and may recover from the owner or occupier the cost of such removal.

11. No person shall make any hole, pit, trench, or other excavation of any kind on any common land or in any street without the written consent of the Council which, in granting such consent, may impose such conditions as to it may seem fit; and every hole, pit, trench or other excavation for the making of which such consent has been obtained shall be properly covered, fenced or railed in, and a light or lights shall be kept burning thereat between sunset and sunrise.

12. Any person, being the owner or occupier of any land within the Village Management Board which is not sufficiently fenced or walled, who shall leave any well or hole on such land unfenced or uncovered so as to be a source of danger to person or property, and any person who shall fail or neglect to comply with any written order from the Board directing him to fill up, fence in or cover any such well or hole shall be guilty of an offence. It shall be lawful for the Board after written notice of not less than eight days to such person to cause entry to be made on such land and to cause such work to be done as may have been omitted to be done in terms of such order, and the Council may recover from such person the cost of such work.

13. Notwithstanding anything to the contrary contained in these regulations, any person erecting or repairing any building which abuts on any street may, with the sanction of the Board, which sanction may, however, be withdrawn at any time, deposit building material in any street while the work is in progress, on condition that he effectively fences in such material and keeps such lights burning during the night-time on the fence as the Board may in each case require. In no case, however, shall more than one-third of the width of any street be taken up and not more than the extent of the frontage of the building, and all debris and other material and fencing shall be removed immediately on completion of the work.

14. All gates, bars and doors which open on to any street shall be so hung or placed as not to open outwards, except where in the case of public buildings the Board shall require them to be otherwise hung or placed. Should any gate, bar or door be so hung or placed as to open outwards upon any street, the owner shall, within a period to be fixed by the Board and communicated to the owner in writing, cause the same to be altered so as not to open outwards, failing which he shall be guilty of an offence and the Board shall have the right to make such alterations thereto as to it may seem fit and may recover from the owner the costs of such alterations.

15. Any person who shall wilfully destroy, pull down, obliterate deface or in any way alter the nameboard of any street or the number of any house or other building or any notice board set up by or under the authority of the Board, and any person who without the consent of the Board shall paint, affix or set up a name to any street or number to any house or set up in any street any notice board shall be guilty of an offence. The Board may further recover any expense incurred by it in consequence of any breach of this regulation from the person committing such breach.

(2) Die Raad kan van tyd tot tyd by skriftelike kennisgewing aan die eienaar of bewoner van enige perseel, hom gelas om enige nommer en/of letters wat in sodanige kennisgewing vermeld word, binne dertig dae vanaf datum waarop sodanige kennisgewing deur die Raad gepos of afgelewer word, op sodanige deel van en op sodanige plek bedoelde perseel of enige gebou of struktuur of heining en op sodanige wyse as wat in genoemde kennisgewing vermeld word, te bevestig of te skilder of om enige nommer en/of letters van sodanige perseel of van enige gebou of struktuur of omheining binne 'n tydperk wat in genoemde kennisgewing vermeld word, te verwyder.

10. Niemand mag toelaat dat enige gedeelte van 'n boom of struik wat op grond groei waarvan hy die eienaar of bewoner is, so oor 'n straat uitsteek dat dit 'n ongerief aan of belemmering van die verkeer veroorsaak of vir enigenen wat so 'n straat gebruik die oorsaak van gevaar of ongerief is nie. Die Raad kan by wyse van skriftelike kennisgewing aan so 'n eienaar of bewoner eis dat hy die boom of struik of enige gedeelte daarvan binne 'n vasgestelde tydperk moet verwyder en indien hy versuim om aan so 'n kennisgewing te voldoen, mag die Raad sodanige boom of struik of gedeelte daarvan verwyder en die koste in verband met die verwydering, van die eienaar of bewoner verhaal.

11. Niemand mag op gemeenskaplike grond of in 'n straat sonder die skriftelike toestemming van die Raad 'n gat, put, sloot of ander uitgraving maak nie. Indien die Raad sy toestemming gee mag hy sodanige voorwaardes stel as hy nodig ag. Elke gat, put, sloot of ander uitgraving waarvoor die toestemming verkry is moet behoorlik bedek, afgekamp of afgesluit word en 'n lig of ligte moet daar aan die brand gehou word tussen sonsondergang en sonsopgang.

12. Iemand wat die eienaar of bewoner van grond binne die Dorpsbestuurgebied is wat nie behoorlik afgekamp of ommuur is nie en 'n put of gat op sodanige grond sonder heining of bedekking laat sodat dit 'n bron van gevaar vir mens of eiendom is en versuim of nalaat om te voldoen aan 'n skriftelike bevel van die Raad wat hom versoek om so 'n put of gat op te vul, af te kamp of te bedek is skuldig aan 'n misdryf. Na skriftelike kennisgewing van minstens ag dae aan so 'n persoon sal dit vir die Raad wettig wees om toegang tot daardie grond te verkry en die werk te laat doen wat nie volgens bevel gedoen is nie, en die Raad mag die koste van sodanige werk van so 'n persoon verhaal.

13. Strydige bepalinge in hierdie regulasies ten spyte, mag enige persoon wat 'n gebou aan die straat oprig of repareer met die toestemming van die Raad, watter toestemming egter te eniger tyd teruggetrek kan word, boumateriaal op die straat laat lê, terwyl die werk aan die gang is, mits hy die materiaal doeltreffend inkamp en snags sulke ligte op die omheining laat brand, soos die Raad in iedere geval vereis. In geen geval mag meer as een-derde van die breedte van 'n straat en nie meer as die lengte van die front van die gebou egter in beslag geneem word nie. Al die puin en materiaal sowel as die omheining moet dadelik na voltooiing van die werk verwyder word.

14. Alle hekke, draaihekke en deure, wat op straat uitsien, moet so opgerig wees dat hulle nie na die buitekant oopgaan nie, behalwe op openbare geboue waar die Raad bepaal dat hulle anders opgerig of geplaas moet word. Indien hekke, draaihekke of deure so opgerig is dat hulle na die buitekant op 'n straat oopgaan, moet die eienaar binne die tydperk, wat die Raad bepaal en aan die eienaar skriftelik meedeel, hulle so laat verander dat hulle nie na die buitekant oopgaan nie; in gebreke waarvan hy skuldig is aan 'n misdryf en die Raad die reg het om die veranderings self te onderneem, en die koste daaraan verbonde van die eienaar te verhaal.

15. Iemand wat die naamplaat van 'n straat, of die nommer van 'n huis of ander gebou of enige aanplakbord, wat deur of op las van die Raad opgerig is, moedswillig verniel, afbreek, uitvee, ontsier of op enige wyse verander, en iemand wat sonder die toestemming van die Raad 'n naam aan 'n straat of 'n nommer aan 'n huis verf of vasmaak, of in 'n straat 'n aanplakbord oprig, is skuldig aan 'n misdryf. Die Raad mag ook die koste wat deur sodanige oortreding van hierdie regulasie veroorsaak is van die persoon wat dit oortree het, verhaal.

16. No person shall ride, drive, lead or allow to stand upon any sidewalk or footpath intended or set apart for the use of pedestrians any livestock, nor shall he ride, drive, propel or place upon or along or over any such sidewalk or footpath any vehicle or motor or any single wheel of any vehicle or motor save only when crossing a street to enter private property, and no person shall fasten any horse or other animal so that it stands across or upon any such sidewalk or footpath.

17. No person shall at any time tie up any animal in any street save to a rail provided or authorised by the Board for that purpose; and any animal found tied up in any street otherwise than to any such rail may be impounded by any Police Officer or Officer of the Board.

18. Any person who, accidentally or otherwise, throws, spills, drops or places or causes or permits to be thrown, spilled, dropped or placed, on or in any street or public garden any fruit peel or rind or any glass or other sharp substance or nails, metal binding or lining, sawdust, packing paper, stable or house or trade refuse, stone, brick or other building material or any other matter or thing that may interfere with the cleanliness of such street or garden or cause annoyance or danger to persons, animals or traffic, shall immediately remove the same from such street or garden.

This regulation shall not apply to straw or other material used to reduce the noise of traffic when it has been deposited with the permission of the Clerk in any street in case of sickness; provided, however, that in such case the person who has caused such straw or other material to be deposited in the street shall remove it immediately after the need for the use thereof has ceased, and in the event of his failing to do so the Board may remove it and may recover from him the expense of such removal.

19. No person shall throw or cause to be thrown in, on or about any street or in any public place, garden or park or other enclosed space to which the public have a common right of access or use, any powder, flour, grain, confetti, sawdust, fireworks, squibs, crackers, or any other matter or thing nor shall he use or brandish or cause to be used or brandished in any street any paper, plumes, sticks, whips, or any other thing whatsoever which may cause annoyance or danger to any person.

20. No person shall wantonly or unnecessarily prevent, hinder or interrupt the free passage in or through any street of any motor or vehicle driven by any other person.

21. No person shall hold any auction sale in any street except with the permission in writing of the Board under the hand of the Clerk first had and obtained and subject to such conditions as may be imposed.

22. No person shall place any flower pot, box or other like article, capable of injuring pedestrians or property, in any upper window opening on or near any street without sufficiently safeguarding it against being blown or falling into the street.

23. No person shall roll any hoop or fly any kite or throw any stone or use any bow and arrow or catapult or by any other means discharge any missile upon, over or across any street, nor shall he play cricket, football, or any other game whatsoever upon or in any street.

24. No person shall, by shouts, gestures, actions or other means, wilfully frighten or irritate any horse, mule, ox or any other animal in any street.

25. No person shall extinguish the lights of any public lamp or in any manner interfere with such lamp.

26. No person shall, in any street, shoe or farry any animal (except in case of accident), or clean, dress, train, break or turn loose any animal, or repair or wash any part of a vehicle or motor (except in case of accident where repair on the spot is necessary), or wash, dry or bleach any article or thing whatsoever.

27. No person shall carry or convey through or along any street the carcass of an animal or any animal offal unless the same be properly covered.

28. No person shall beat or shake any carpet, rug or mat in any street, except doormats beaten or shaken before the hour of eight in the morning.

16. Niemand mag lewende hawe op 'n voetpad of sypaadjie, wat vir die gebruik van voetgangers bedoel of afgesonder is, ry, aanja, lei of laat staan nie, of 'n voertuig of motorkar of 'n enkele wiel van 'n voertuig of motorkar op, langs of oor so 'n voetpad of sypaadjie, ry, bestuur, voortbeweeg of plaas nie, behalwe wanneer hy oor 'n straat gaan na privaats eiendom. Niemand mag 'n perd of ander dier so vasmaak dat dit dwarsoor of op so 'n voetpad of sypaadjie staan nie.

17. Niemand mag te eniger tyd 'n dier in 'n straat vasbind nie behalwe aan die reling wat deur die Raad vir die doel voorsien of goedgekeur is en diere wat in 'n straat op ander plekke as aan so 'n reling vasgebind word, mag deur die polisiebeampte of beampte van die Raad geskut word.

18. Iemand wat per ongeluk of andersins in of op 'n straat of openbare tuin vrugteskille of doppe of bas of glas of ander skerp voorwerpe of spykers, bindmetaal of metaalvoering saagsel, pakpapier, afval van stal of huis of ambag, klippe bakstene of ander boumateriaal, of enige ander ding of voorwerp wat die sindelikhed van so 'n straat of tuin belemmer of ergernis of gevaar vir persone, diere of verkeer veroorsaak, gooi, mors, laat val of neersit, of veroorsaak of toelaat dat dit daar gegooi, gemors of neergesit word, moet dit onmiddellik verwyder.

Hierdie regulasie is nie van toepassing nie in die geval van siekte waar strooi of ander materiaal met verlof van die klerk op 'n straat gegooi is om die geraas van die verkeer te demp, met dien verstande egter dat in so 'n geval die persoon wat die strooi of ander materiaal op straat gegooi het, dit onmiddellik verwyder sodra dit nie meer nodig is nie. Indien hy versuim om dit te doen, mag die Raad dit verwyder en die koste daaraan verbonden van hom verhaal.

19. Niemand mag in, op of langs 'n straat of in 'n openbare tuin of park of ander omheinde plek waarop die publiek 'n gemeenskaplike reg van toegang of gebruik het, poeier, meel, graan, konfetti, saagsel, vuurwerk, voetsoekers, klappers of ander voorwerpe gooi of laat gooi nie, of papier, pluime, stokke, swepe, of ander voorwerpe hoegenaamd wat ergernis of gevaar vir enigiemand kan veroorsaak in 'n straat gebruik of swaai of laat gebruik of swaai nie.

20. Niemand mag op onverskillige wyse of onnodig die vrye deurtog in of deur 'n straat van 'n motorkar of voertuig wat deur 'n ander persoon bestuur word, verhinder, steur of onderbreek nie.

21. Niemand mag in 'n straat 'n openbare verkoping hou nie, tensy die skriftelike toestemming van die Raad onderteken deur die klerk vooraf verkry is en onderhewig aan sodanige voorwaardes as bepaal mag word.

22. Niemand mag 'n blompot, kas of ander soortgelike voorwerp wat voetgangers of eiendom kan beseer of beskadig in 'n boonste venster wat op of naby 'n straat oopgaan, neersit nie sonder dit so te beveilig dat dit nie op die straat omgewaai word of val nie.

23. Niemand mag op of oor 'n straat hoepels laat rol of vlieërs opstuur of klippe gooi of pyl en boog of 'n slingerel gebruik of onder enige ander omstandighede werptuie afskiet of krietek, voetbal of ander spele hoegenaamd speel nie.

24. Niemand mag opsetlik perde, muile, osse of ander diere in 'n straat deur skreeu, gebare, bewegings of op enige ander wyse skrik of kwaadmaak nie.

25. Niemand mag die lig van 'n openbare lamp doodblaas of op enige wyse daaraan peuter nie.

26. Niemand mag op straat 'n dier beslaan (behalwe in die geval van 'n ongeluk), of 'n dier skoonmaak, dresseer, oefen, leer of losmaak of enige deel van 'n voertuig of motorkar repareer of was (behalwe in die geval van 'n ongeluk waar reparasie op die plek noodsaaklik is) of enige artikel of voorwerp, hoegenaamd was, droogmaak of laat bleik nie.

27. Niemand mag deur of langs 'n straat die karkas of die afval van 'n dier dra of vervoer nie, tensy dit behoorlik toegemaak is.

28. Niemand mag 'n tapyt, vloermat, of mat in 'n straat uitklop of uitksud nie behalwe deurmatte wat voor agt-uur in die môre uitgeklop of uitgeskud mag word.

29. No person shall carry any large bundle or basket, or any pointed or edged tools not properly protected, or any ladder, plank or pole, or any bag of soot, lime, or other offensive substance, or any other package or thing calculated to obstruct, inconvenience or annoy pedestrians upon any sidewalk or footpath, except for the purpose of loading or unloading any vehicle or motor or when necessarily crossing such sidewalk or footpath.

30. No person shall sit or lie in or on any street, nor shall any person stand, congregate with others, loiter, walk or otherwise act in any street in such a manner as to obstruct free traffic or to jostle or otherwise annoy any other person using such street, nor shall any person persistently loiter at or near the entrance to any place of public worship during the time of divine service or during the assembly thereat or departure therefrom of the congregation so as to obstruct or annoy any other person going to, attending at or leaving such place of worship.

31. No person shall lie on or stand on any Village Management Board seat or bench placed in any street or in any public garden, or otherwise obstruct the free use of such seat or bench by other persons.

32. No person shall, either by himself, his servant or his livestock, in any way interfere with, damage, destroy or obstruct any water-course, sluice-gate, water pipe, street pavement, lamppost or other public work.

33. No person shall remove any earth, stone, gravel, shale or building material, nor cut, remove, damage or destroy any trees, wood, turf or grass from or on any Village Management Board land, street or public park without special permission from the Board and the payment of such fees as the Board may impose.

34. (1) No person, being the occupier of any shop on the street level, or of any other building abutting on a street, shall permit or allow any sidewalk in front of or adjacent to his premises to be or remain in any other than a clean condition. Where any such building is let in separate apartments as offices, dwelling rooms or the like — but not as shops — the lessor shall be deemed to be the occupier.

(2) The owner of any building in front of which a sidewalk is provided shall at all times and to the satisfaction of the Board maintain in a proper state of repair such portion of the sidewalk the ownership of which is vested in him. The Board may by notice in writing issued under the hand of the Clerk call upon such owner within a time specified in such notice to take all such steps to carry out all such works as are required to comply with the provisions hereof. Failure to comply with such notice shall constitute an offence.

35. No person, being the occupier of any premises abutting on any street or sidewalk, shall sweep, or cause or permit to be swept, any part of such street or sidewalk unless and until it has been adequately sprinkled with water to prevent the raising of dust, nor shall he deposit or cause or permit to be deposited any dirt or refuse in or upon any street.

36. No person being the owner of any building shall allow the water from the roof or from any part of such building, inside or outside, to flow or to fall on to any part of any street otherwise than by suitable throughing or piping, nor shall he allow any such water to fall upon or to flow upon or over any public sidewalk, but he shall cause it to be conveyed across and below the surface of such sidewalk into the gutter or channel of the street in accordance with plans and by means of pipes or other appliances to be approved of by the Board.

37. (1) No advertisement, bill, placard or poster shall be affixed or attached to, or be in anywise exhibited upon any structure, hoarding, land, building, wall, fence, sign-board, screen, lamp, blind and the like within the Village Management Board except with the consent of the Board, and then only subject to such conditions as the Board may determine, and no person shall utilise for advertisement purposes any land, rock, tree or other natural feature by writing, painting or marking or otherwise delineating thereon any advertisement: Provided, however, that this regulation shall not apply to advertisements on buildings for the time being used for trade purposes other than the

29. Niemand mag op 'n sypaadjie of voetpad 'n groot bondel of mandjie puntige of skerp gereedskappe, wat nie behoorlik beskerm is nie, of 'n leer, plank of paal of 'n sak vol roet, kalk of ander aanstootlike materiaal of enige ander pakkasie of voorwerp wat voetgangers hinder, las aandoen of pla, dra nie, behalwe om 'n voertuig of motorkar op of af te laai of om noodsaaklikerwyse oor so 'n sypaadjie te gaan.

30. Niemand mag in of op 'n straat sit of lê of in 'n straat staan met ander persone vergader, draal, loop of handel op so 'n wyse dat hy die vrye verkeer belemmer of 'n ander persoon, wat die straat gebruik, stamp of andersins lastig val nie. Niemand mag gedurig by of naby die ingang van 'n plek vir openbare aanbidding draal of terwyl die gemeente daar vergader of dit verlaat en dus iemand anders wat kerk toe gaan, die diens bywoon of dit verlaat, hinder of lastig val nie.

31. Niemand mag op 'n Dorpsbestuurraad sitplek of bank, wat in 'n straat of openbare tuin staan, lê of staan of andersins die vry gebruik van so 'n sitplek of bank deur andere belet nie.

32. Niemand mag self of deur sy bediende of sy lewende hawe op enige wyse aan 'n waterloop, sluisdeur, waterpyp, straatplaveisel, lamppaal of ander openbare werke peuter, dit beskadig, verniel of belemmer nie.

33. Niemand mag grond, klippe, gruis, leiklippe of boumateriaal verwyder, of bome, hout, turf of gras van of op Dorpsbestuurraad grond, 'n straat of openbare park sonder spesiale toestemming van die Raad en teen betaling van die gelde wat die Raad vra, afsny, verwyder, beskadig of verniel nie.

34. (1) Geen besitter van 'n winkel langs die straat of 'n ander aan 'n straat grensende gebou mag toelaat dat 'n sypaadjie voor of grensende aan sy perseel anders as skoon is nie. Ingeval die vertrekke van so 'n gebou afsonderlik as kantore, woonkamers of iets dergeliks — maar nie as winkels nie — verhuur word, word die verhuurder as die bewoner beskou.

(2) Die eienaar van 'n gebou met 'n sypaadjie voor, moet sodanige gedeelte van die sypaadjie waarvan hy eiendomsreg het, te alle tye en ter bevrediging van die Raad in 'n behoorlike toestand van reparasie hou. Die Raad kan by skriftelike kennisgewing, uitgereik deur die klerk op so 'n eienaar 'n beroep doen om binne 'n termyn in sodanige kennisgewing vermeld, stappe te doen om al die nodige werk uit te voer ten einde aan die bepalings van hierdie regulasie te voldoen. Versuim om aan so 'n kennisgewing te voldoen, is 'n misdryf.

35. Geen bewoner van 'n aan die straat of sypaadjie grensende gebou mag enige gedeelte van die straat of sypaadjie veeg of laat veeg of toelaat dat dit geveeg word nie, tensy en totdat dit voldoende met water natgesprinkel is om stof te verhoed, of mag vuilis of afval op straat neergooi of laat neergooi of toelaat dat dit daar neergegooi word nie.

36. Geen eienaar van 'n gebou mag toelaat dat water van die dak of van 'n gedeelte van so 'n gebou, binnekant of buitekant, anders as deur geskikte geut- of pypleiding op enige deel van 'n straat vloei of val nie. Hy mag ook nie toelaat dat sodanige water op 'n openbare voetpad val of daarop of daaroor loop nie. Hy moet dit egter onder die oppervlakte van die voetpaadjie in die voor of kanaal van die straat laat loop in ooreenstemming met die planne en deur middel van pype of ander toestelle wat deur die Raad goedgekeur is.

